


© Die Oratorium Uitgewery

# St. Apollonia
## 9 Februarie

(sterf 249)

Tydens die regeringsjare van die Romeinse keiser Filippus en sy opvolger, Trajanus Decius, het die gevoelens hoog geloop teen die Christene. Oproerige skares het deur die strate van Alexandrië geloop en jag gemaak op enigiemand wat onder verdenking gestaan het dat hy of sy dalk Christen was. Apollonia, 'n bejaarde vrou en diakones in die Kerk is deur so 'n skare gevang. Sy het geweier om Christus af te sweer en sy is gruwelik gefolter en toe op 'n brandstapel verbrand.